# Strandstudie

*" 'n Groot deel van die Westerse wêreld gee geld wat hulle nie het nie uit op besittings wat hulle nie nodig het nie om mense te beïndruk van wie hulle nie hou nie."*
*- Anoniem*

***Doelwit:*** *Om 'n liefde vir die kusgebied te kweek deur waarneming en ondersoek.*
***Weergawe:*** *2007.0*
***Datum:*** *Augustus 2007*

## Begronding:

***Voortrekkerkode:***
6. 'n Voortrekker waardeer en bewaar sy omgewing.
9. 'n Voortrekker is oplettend en weerbaar.

***ABC:*** Wanneer die Verkenner die spesialisasie deurloop win hy/sy genoegsame kennis oor ons kusgebied in om deel te neem aan die bewaring daarvan. Hierdeur ontwikkel die Verkenner 'n gevoel van trots op sy land.

## Aanbiedingsvereistes:

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Tydsduur:** | Minstens 5 dae aaneenlopend | **Graadgroep:** | 8 - 12 |
| **Voorvereistes:** | Geen | | |
| **Aanbieding:** | Hierdie spesialisasie kan slegs afgehandel word tydens 'n kamp by die kus wat oor minstens **vyf** dae (**40** uur) aaneenlopend plaasvind. (Rotspoele moet in die area voorkom.) | | |
| **Toekennings instansie:** | Gebiedskamp | | |

## Uitkomste:

*Om die kenteken te verwerf moet die Verkenner:*

1. *Kennis dra van die volgende:*
   - *1.1 Plante wat op die strandgebied (land en see) voorkom en dit kan groepeer.*
   - *1.2 Die ekologiese faktore wat die voortbestaan van land- en seeplante verseker.*
   - *1.3 Die invloed van branderwerking op die natuurlike plantegroei.*
   - *1.4 Die invloed van die mens op die natuurlike plantegroei.*
   - *1.5 Seeplante wat as voedsel gebruik kan word.*
   - *1.6 Bedreigde spesies langs die kusgebied.*

2. *Kennis verwerf oor die volgende:*
   - *2.1 Die klassifikasie van diere uit elke intergetysone (visse uitgesluit).*
   - *2.2 Die spesifieke woonplek van minstens **twee** diere uit elke sone en weet hoe elk by die plek aangepas het.*
   - *2.3 Die name en gewoontes van seevoëls en visse van die omgewing.*
   - *2.4 Landdiere van die kus en weet wat hulle habitat gedurende die dag en nag is.*
   - *2.5 Die voedselketting van sommige van die diere in 2.1, 2.2 en 2.4 genoem.*
   - *2.6 Die interaksie tussen kus- en seeplante en –diere.*
   - *2.7 Die invloed van die mens op die natuurlike dierebevolking aan die kus en in die see.*
   - *2.8 Die bedreigde spesies.*

3. *Op 'n kus-/stranduitstappie die volgende doen:*
   - *3.1 Met behulp van 'n vraelys noterings maak van plante en diere wat langs die roete waargeneem is.*
   - *3.2 Gegewens met betrekking tot die geomorfologiese geaardheid van die kusstrook en die roete wat gevolg is, op 'n kaart aanbring.*
   - *3.3 Noterings maak van die mens se invloed langs die kuslyn.*
   - *3.4 Waarnemings noteer oor die lewe in die getysone.*

HOU KOERS